University of Pretoria etd – Fourie, B (2006)

**BYLAAG 1**

**Datum:**_________________________

**Naam van respondent:**_________________________________

Navorser: Mev. Beauzella Fourie

Graad: MSD (Spelterapie)

Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie, Universiteit van Pretoria

# Ingeligte toestemming

**1. Titel van navorsingsstudie:**

Die impak van `n spelterapeutiese emosionele intelligensievaardigheidsprogram op die kleuter binne `n speelgroep.

**2. Doel van die studie:**

Die doel van hierdie studie is om te bepaal wat die impak van `n emosionele intelligensievaardigheidsprogram is wat aan die kleuter binne `n

speelgroepsituasie en met behulp van spelterapeutiese tegnieke, oorgedra word.

**3. Prosedures:**

Daar sal van my kleuter verwag word om aan twaalf opeenvolgende terapeutiese groepsessies tydens speelgroepbywoning deel te neem. Die groepsessies sal ongeveer vyf en veertig minute in beslag neem waartydens spelterapeutiese aktiwiteite benut sal word.

- Hierdie aktiwiteite sluit onder meer in: die speel met klei, kunsaktiwiteite, handpoppe en stories.
- Dit sal ook fokus op maniere waarop emosies soos kwaad, blydskap, bangwees en hartseer uitgedruk en bestuur kan word.
- Dit behels ook die aanleer van vaardighede om verskillende emosies effektief te kan bestuur asook om ander persone se emosies te herken en in ag te neem.

Tydens hierdie sessies sal die kleuter, die terapeut en die groep praat oor die kleuter en die ander kleuters se gevoelens.

Van my as ouer word verwag om die waarnemingsinstrument voor en na die program toegepas word, ten opsigte van my kleuter te voltooi.

**4. Risiko`s en ongemak verbonde:**

Daar bestaan geen bekende risiko`s of ongemak, wat met hierdie navorsingsprojek geassosieer kan word nie. Die kleuter sal aan geen fisieke, psigologiese, sosiale of emosionele benadeling blootgestel word deur middel van betrokkenheid by die studie nie.

**5. Voordele:**

Hierdie studie hou vir my kleuter en ander kleuters huidige en toekomstige waarde in, daarin dat dit tot die verhoging van `n kleuter se emosionele

intelligensievaardighede bydra. Deelname aan die studie sal my kleuter se kennis en emosionele intelligensievaardighede uitbou.

**6. Regte van respondent:**

Ek is geregtig om my kind ter enige tyd van hierdie navorsingsprojek te onttrek. Ek onderneem om dit met die navorser te bespreek en haar daarvan te verwittig, alvorens ek onttrek.

**7. Finansiële kompensasie:**

Ten einde aan hierdie studie deel te neem, sal daar geensins van my verwag word om vir terapeutiese intervensies te betaal nie, maar ek sal ook geen finansiële kompensasie in die vorm van betaling vir deelname ontvang nie.

**8. Konfidensialiteit:**

Ten einde data korrek te verifieer, sal die navorser veldnotas en/of video`s en/of bandopnames tydens die terapeutiese sessies opneem, van dit wat die kleuter doen en sê. Hierdie inligting tesame met die navorsingsresultate sal in `n navorsingsverslag vervat word. Daar sal deurlopend van skuilname gebruik gemaak word. Alle navorsingsdata sal na afloop van die studie vernietig word.

Indien ek enige vrae of bekommernisse aangaande enige aspek van die studie het, kan ek met vrymoedigheid die navorser kontak.

Ek begryp my eie en my kind se regte as `n navorsingsrespondent, en verleen my vrywillige toestemming tot deelname aan hierdie studie. Ek onderneem om my volle deelname te gee en nie onregmatig van die studie te onttrek, sonder om die navorser te verwittig nie. Ek verstaan waaroor die studie handel, en hoe en waarom dit onderneem word. Hiermee verlang ek verder `n ondertekende kopie van hierdie toestemmingsvorm.

| | |
|---|---|
| Vader handtekening | Datum |
| Moeder handtekening | Datum |
| Kleuter handtekening | Datum |
| Navorser handtekening | Datum |

University of Pretoria etd – Fourie, B (2006)

**Gestruktureerde waarnemingsinstrument aan ouer** **BYLAAG 2**

Datum: ______________________

Naam van kleuter: ______________________________________

Ouderdom: ____________________

Gebootedatum: _________________

Geslag van kleuter: Manlik: ☐ vroulik: ☐

Naam en van (Vader of moeder): __________________________________

Selnommer: ____________________

**1. Gee asseblief `n beskrywing van u kind:**

se persoonlikheid: __________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

sy/haar voorkeure: __________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

sy/haar afkeure: ____________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

en sy/haar belangstellings: ____________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

**2. Vertel my van u gesinsdinamika** (soos byvoorbeeld wat doen u as gesin saam)

__________________________________________________________

__________________________________________________________

**3. Hoe hanteer u kind dit om van u weg te wees?**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**4. Vertel my asseblief meer oor:**

reëls in u huis en gee voorbeelde: ________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

hoe word dissipline deur ma toegepas: ______________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

hoe word dissipline deur pa toegepas: ______________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**5. Wanneer dink u is u kleuter gelukkig en hoe tree hy/sy dan op?**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**6. Hoe sien u as ouer u kleuter se belewenisse en optredes wanneer u kleuter kwaad is?**______________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**7. Wat maak u kleuter bang? Beskryf sy/haar optrede en reaksie wanneer hy/sy bang is.**

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**8. Hoe weet u wanneer u kleuter hartseer is en wat doen hy/sy dan?**

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**9. Noem enige ander emosies waarvan u kind bewus is en hoe reageer hy/sy daarop?**

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**10. Wil u iets anders rakende u siening van u kind se emosionele intelligensie onder my aandag bring?**

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Voltooi asseblief die res van die meetinstrument deur `n kruisie te maak in die toepaslike blokkie.

| **N** is nooit **D** is dikwels<br>**S** is selde **A** is altyd | **N** | **S** | **D** | **A** |
|---|---|---|---|---|
| Die kleuter toon deursettingsvermoë in wat hy/sy doen | | | | |
| Die kleuter probeer self totdat hy/sy iets regkry | | | | |
| Die kleuter is trots op homself/haarself | | | | |
| Die kleuter kom onseker voor as hy/sy iets moet doen | | | | |
| Die kleuter tree selfversekerd op | | | | |
| Die kleuter is verstrooid | | | | |
| Die kleuter is bang om speelgroep toe te gaan | | | | |
| Die kleuter wil net by sy/haar ma wees | | | | |
| Die kleuter wil graag by sy/haar gesin wees | | | | |
| Die gesin doen min dinge saam | | | | |
| Die kleuter isoleer hom/haar van die ander gesinslede | | | | |
| Die kleuter is baasspelerig | | | | |
| Die kleuter is altyd net geneë om dinge te doen | | | | |
| Die kleuter gee drukkies vir sy/haar ma/pa | | | | |
| Die kleuter baklei met sy/haar ma/pa | | | | |
| Die kleuter is met opset ongehoorsaam teenoor ouers | | | | |
| Die gesinslede baklei baie met mekaar | | | | |
| Die kleuter kom gelukkig/opgewek voor | | | | |
| Die kleuter maak grappies om ander gelukkig te maak | | | | |
| Die kleuter dra geskenkies aan om ander gelukkig te hou | | | | |
| Die kleuter help graag om ander tevrede te hou | | | | |
| Die kleuter oorreageer as ander vir hom/haar kwaad is | | | | |
| Almal raas met die kleuter | | | | |
| Die kleuter word gou kwaad | | | | |
| Die kleuter is afknouerig en maak sy/haar maats seer | | | | |
| Die kleuter slaan/byt/skop ander as hy/sy kwaad is | | | | |

| | N | S | D | A |
|---|---|---|---|---|
| Die kleuter sê lelike goed as ander hom/haar kwaad maak | | | | |
| Die kleuter kla van maagpyn | | | | |
| Die kleuter kan verbaliseer hoe ander voel | | | | |
| Die kleuter is bang vir groot gebeure wat voorlê | | | | |
| Die kleuter huil/kruip weg/ as iets verkeerd is | | | | |
| Die kleuter soek moeilikheid totdat hy/sy raas kry | | | | |
| Die kleuter hardloop weg van dinge wat hom bang maak | | | | |
| Die kleuter is bang vir vreemde dinge | | | | |
| Die kleuter skrik maklik | | | | |
| Die kleuter is huilerig | | | | |
| Die kleuter kom hartseer voor | | | | |
| Die kleuter is lusteloos en geniet min dinge | | | | |
| Die kleuter stamp opsetlik sy/haar kop om seer te kry | | | | |
| Die kleuter is bang om foute te maak | | | | |
| Die kleuter vergelyk hom/haar met ander kleuters | | | | |
| Die kleuter het baie maats | | | | |
| Daar is konflik met die kleuter en sy/haar maats | | | | |
| Die kleuter handhaaf goeie verhouding met sy/haar maats | | | | |
| Die kleuter is bang vir volwassenes | | | | |
| Die kleuter is skaam vir grootmense | | | | |
| Die kleuter praat maklik met volwassenes | | | | |
| Die kleuter kan sy/haar gevoel verbaal uitdruk | | | | |

Baie dankie vir u samewerking.

Beaula Fourie

**Gestruktureerde waarnemingsinstrument aan kleuter** **BYLAAG 3**

Datum: ______________________

Naam van kleuter: _____________________________________

Ouderdom: ___________________

Gebootedatum: ________________

Geslag van kleuter: Manlik: ☐ vroulik: ☐

Naam vader: ___________________ moeder: _______________

**1. Gee asseblief `n beskrywing van jouself**

persoonlikheid: (wat dink jy hoe sal die mense sê jy is?)

________________________________________________________

________________________________________________________

voorkeure: (waarvan hou jy baie?)

________________________________________________________

________________________________________________________

afkeure: (wat doen jy nie graag nie?)

________________________________________________________

________________________________________________________

en belangstellings: (wat is vir jou lekker om te doen?)

________________________________________________________

________________________________________________________

**2. Vertel my asb. van julle gesinsdinamika** (bv. gehegtheid van jul gesin, wat doen julle saam as gesin).

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________

**3. Hoe hanteer jy dit om weg te wees van jou ouers?**

______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________

**4. Vertel my asseblief meer oor:**

reëls in julle huis en gee voorbeelde

______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________

toepassing van dissipline deur ma: _________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________

toepassing van dissipline deur pa: _________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________

**5. Wanneer dink jy is jy gelukkig en hoe hanteer jy dit?** (wanneer is jy gelukkig en wanneer dink mamma en pappa is jy gelukkig?)

______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________

**6. Hoe sien en beleef jy dit om kwaad te wees?** (Speel met rool klei, vra, wat maak jou kwaad en wat doen jy dan?)

______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________

**7. Hoe voel jy as jy bang is en wat doen jy dan?**

(As wat gebeur word jy bang en wat doen jy dan?)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**8. Weet jy wanneer jy hartseer is en hoe tree jy op?**

(Praat oor hartseer donkieprent - vra wanneer voel jy hartseer en wat doen jy dan?)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**9. Weet jy van enige ander emosies en hoe hanteer jy dit?**

(Bepaal watter ander gevoelswoorde die kleuter ken. Bv ontevrede, jaloesie en verbaas.)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

| **N**ooit **S**elde **D**ikwels **A**ltyd | **N** | **S** | **D** | **A** |
|---|---|---|---|---|
| Die kleuter toon deursettingsvermoë in dinge wat hy doen | | | | |
| Probeer jyself totdat jy iets regkry ? | | | | |
| Is jy trots op jouself? | | | | |
| Voel jy onseker voor as jy iets moet doen? | | | | |
| Tree jy selfversekerd op? | | | | |
| Is jy verstrooid? | | | | |
| Is jy bang om speelgroep toe te kom? | | | | |
| Wil jy net by jou mamma wees? | | | | |
| Wil jy graag by jou gesin wees? | | | | |

| | N | S | D | A |
|---|---|---|---|---|
| Doen julle as gesin min dinge saam? | | | | |
| Wil jy weg wees van die ander gesinslede? | | | | |
| Hou jy daarvan om baasspelerig te wees? | | | | |
| Wil jy graag altyd iets goed vir ander doen? | | | | |
| Gee jy drukkies vir ma/pa? | | | | |
| Baklei jy met ma/pa? | | | | |
| Is jy met opset ongehoorsaam teenoor jou ma/pa? | | | | |
| Baklei julle gesinslede baie met mekaar? | | | | |
| Is jy gelukkig/opgewek? | | | | |
| Maak jy grappies om ander gelukkig te maak? | | | | |
| Dra jy geskenkies aan om ander gelukkig te hou? | | | | |
| Help jy graag om ander tevrede te hou? | | | | |
| Oorreageer (skree, skop) jy wanneer ander vir jou kwaad is? | | | | |
| Raas almal met jou | | | | |
| Word jy gou kwaad? | | | | |
| Is jy afknouerig en maak maats seer? | | | | |
| Slaan/byt/skop jy ander as jy vir julle kwaad is? | | | | |
| Sê jy lelike goed as ander kinders jou kwaad maak? | | | | |
| Kry jy maagpyn? | | | | |
| Kan jy sê hoe ander voel? | | | | |
| Is jy bang vir groot gebeure wat voorlê? | | | | |
| Huil/kruip weg/ hardloop jy weg as iets verkeerd is? | | | | |
| Soek jy moeilikheid totdat jy raas kry? | | | | |
| Hardloop jy weg van dinge wat jou bang maak? | | | | |
| Is jy bang vir vreemde dinge? | | | | |
| Skrik jy maklik? | | | | |
| Huil jy vir alles? | | | | |
| Word jy gou hartseer? | | | | |
| Is jy lusteloos en geniet min jy dinge? | | | | |
| Maak jy jouself seer deur opsetlik jou kop te stamp? | | | | |

| | N | S | D | A |
|---|---|---|---|---|
| Is jy bang om foute te maak? | | | | |
| Vergelyk jy jou met ander kleuters? | | | | |
| Het jy baie maats? | | | | |
| Is daar konflik met jou en jou maats? | | | | |
| Handhaaf jy goeie verhouding met jou maats? | | | | |
| Is jy bang vir volwassenes? | | | | |
| Is jy skaam vir grootmense? | | | | |
| Praat jy maklik met volwassenes? | | | | |
| Kan jy sê hoe jy voel (gevoel verbaal uitdruk)? | | | | |